GRAANDIENSTE SE INNAMEREËLINGS VIR DIE 2010/2011- LEWERINGSEISOEN

Jaco Botha, Bestuurder: Graandienste, NWK

Reënval in die eerste helfte van die seisoen was baie wisselvallig maar dit het in sekere gebiede die geleentheid gegee vir vroeë aanplantings. Teen die begin van Januarie 2010 was baie meer graan aangeplant as in die ooreenstemmende tyd die vorige jaar. Gedurende Januarie 2010 het wydverspreide reën oor die hele gebied voorgekom en is die graan op dié stadium van die seisoen boverwagting goed.
Soos gewoonlik word die innamereëlings vir die komende seisoen hiermee bekend gestel.

PRIVAATOPBERGING

Privaatopberging word op dieselfde basis as verlede jaar hanteer. Die opbergingsperiodes vir die verskillende produkte is soos volg:

- Mielies en sorghum : 1 Mei 2010 tot 30 April 2011;
- Sonneblom : 1 Maart 2010 tot 28 Februarie 2011; en
- Koring : 1 Oktober 2010 tot 30 September 2011.

Opbergingskoste op oordragvoorraad word outomaties op ‘n dagtariefbasis verhaal ten opsigte van voorraad wat ná die voormelde einddatums (soos hierbo vir die onderskeie produkte aangedui) opgeberg word. Die koste hiervan word beperk tot ‘n maksimum. Wanneer opgebergde graan onttrek word, moet 'n skriftelike versoek die voertuig vergesel om te verseker dat die graan ten gunste van die korrekte eienaar versend word.

NWK se standaard opbergingsooreenkoms is van toepassing indien graan vir opberging gelewer word. Die ooreenkoms is nie sedert 2008 weer gewysig nie en u word versoek om seker te maak dat u wel die ooreenkoms geteken het. Die opbergingsooreenkoms kan by NWK se Hoofkantoor of by graansilo’s geteken word.

GRADERING

Alle graan en oliesade word ontvang volgens die graderingsvoorskrifte soos vervat in die graderingsregulasies van die onderskeie produkte. Omdat die produk ook volgens die graderingsvoorskrifte versend moet word, dra NWK die volle risiko en aanspreeklikheid indien produkte van 'n swakker gehalte as dit wat vanaf die produsent ontvang is, aan die koper gelewer word. Graan en oliesade wat nie aan die graderingsvoorskrifte voldoen nie, sal steeds in ontvangs geneem word nadat die nodige sif- en drogingskoste gevorder is ten einde die produk binne graderingsvoorskrifte te bring.

GRAANLEWERINGSOPDRAG

Ten einde met lewering te identifiseer teen watter skema 'n produsent se graan ontvang moet word, moet elke vrag wat gelewer word vergesel wees van ‘n graanleweringsopdrag wat volledig voltooi is. Produsente moet seker maak dat die besonderhede daarop korrek is sodat onnodige latere regstellings van lewerings vermy kan word. Lewerings wat sonder 'n graanleweringsopdrag by silo’s opdaag, sal teen die produsent se leweringsrekening ontvang word. Dit is in produsente se eie belang om persoonlik die opdragte te voltooi. Dit is ook ’n verklaring vanaf u kant dat u aan Wet 36 van 1947 voldoen en dat u geen chemiese middels gespuit het wat nie aan voedselveiligheidswetgewing voldoen nie. Sodoende kan behoorlike kontrole oor graanlewerings uitgeoefen word. Graanleweringsopdragvorms is gratis by NWK se graandsilo’s beskikbaar.

KLANDISIEMAAL

Die klandisiemaalskema vir Noordfed is steeds vir klante beskikbaar. Lewerings vir klandisiemaal word met 'n boekinskrywing omgeruil na die silo by die meule. Hierdie om-ruiling is onderhewig daaraan dat daar genoeg mielies by die meulesilo vir oorplasing beskikbaar is. Dit is nie vir NWK moontlik om ruilings te doen vir klandisiemaallewerings wat laat in die seisoen plaasvind nie. Produsente word derhalwe versoek om hulle behoefte vir klandisiemaal vroegtydig te bepaal en hierdie mielies dan vroeg in die seisoen te lewer sodat omruilings betyds gedoen kan word. Indien daar nie mielies vir omruiling beskikbaar is nie, sal die produsent moet instaan vir die vervoerkoste van sy mielies na die meule.

REËLINGS TEN OPSIGTE VAN PADSILO'S

Silosertifikate

NWK se padsilo's is nie aan spoorlyne geleë nie en is nie met skoonmaakmasjiene toegerus nie. Graan kan by hierdie silo's slegs met padvervoer verwyder word. Die massameters by die padsilo's is dikwels ook ontoereikend vir gebruik deur groot vragmotors. Padsilo's is hoofsaaklik opgerig om te dien as 'n deurvoerfasiliteit vir produsente in die onmiddellike omgewing sodat produsente nie lang afstande na 'n hoofsilo's hoef af te lê nie. Silosertifikate kan uitgereik word vir graan wat by 'n padsilo gelewer is en die graan kan ook fisies by die padsilo onttrek word.

Privaatopberging en leweringsrekening

Omdat padsilo's eintlik deurvoersilo's is, kan graan nie in groot hoeveelhede daar opgeberg word vir latere verkoop nie. Ten einde NWK in staat te stel om padsilo's betyds vir die volgende seisoen skoon te maak, sal alle sonneblomlewerings by padsilo's op die leweringsrekening of privaatopberging, na 'n ander silo van NWK se keuse oorgeplaas word. Geen vervoerkoste sal vanaf produsente gevorder word nie, maar produsente wat tussen die hoofsilo en die padsilo geleë is, word veroek om eerder by die hoofsilo as die padsilo te lewer ten einde die druk op die padsilo te verlig.

LEWERINGSREKENING

Produsente kry die keuse om hulle graan op die leweringsrekening te lewer om sodoende later 'n bemarkingsbesluit te kan neem. By padsilo's geld spesiale voorwaardes wat by die betrokke silobestuurder beskikbaar is. Die volgende voorwaardes is van toepassing op lewerings in die leweringsrekening:

- Solank graan in die leweringsrekening is, word geen silokoste gevorder nie. Dit word eers gevorder wanneer die graan na 'n aankoop- of opbergingskema oorgeplaas word. Dit hou dus 'n kontantvloeivoordeel vir die produsent in.
- Geen verkope of versendings kan uit die leweringsrekening gedoen word nie. Die voorraad moet eers na privaatopberging oorgeplaas word om dit te kan verkoop of versend.
- Slegs mielies, FH-sonneblom, koring, sorghum en sojabone wat in losmaat gelewer word, kan in die leweringsrekening opgeberg word.
- Oorplasing van produkte uit die leweringsrekening moet jaarliks voor die onderstaande

datums skriftelik deur produsente versoek word:

- Mielies – 28 Februarie.
- Sonneblom en sorghum – 31 Desember en
- Koring - 30 April.

Indien daar op hierdie datums steeds graan in die leweringsrekening is, sal dit teen die geldende tariewe en voorwaardes na die opbergingsrekening oorgedra word.

- Oorplasing uit die leweringsrekening na privaatopberging of na kopers of vir die aanvra van silosertifikate, word op die volgende wyses hanteer:
  - Die opbergingskoste (dagtarief) word terugwerkend vanaf die leweringsdatum op die basis van eerste-in-eerste-uit saam met die hanteringskoste op datum van oorplasing gevorder.
  - Om die voorraad na 'n ander koper se voorraad oor te plaas, moet die graan eers na privaatopberging oorgeplaas word en dan met 'n silosertifikaat na die koper se voorraadrekening oorgedra word.
- Die produsent moet die versoek vir oorplasing van graan uit die leweringsrekening skriftelik doen.
- Silosertifikate kan slegs uitgereik word ten opsigte van graan in privaatopberging.

DISPUUTHANTERING

Produkte wat laer grade as die beste graad behaal sal as sodanig ingeneem word. Indien daar produsente is wat verkies dat sodanige vragte teruggestuur of vir verdere ondersoek teruggehou moet word, moet dié versoek op die leweringsopdrag vermeld word of op ‘n ander kontroleerbare wyse aan die silopersoneel deurgegee word.

Die prosedure vir die hantering van graderings- en vogdispute is die volgende:

- Produsente moet altyd eers poog om 'n graderingsprobleem of -dispuut met die silobestuurder uit te klaar of op te los.
- Indien tevredenheid nie verkry word nie, moet die vrag eenkant op die siloperseel getrek word en met die Inspeksie-afdeling van die Departement Graandienste by NWK se Hoofkantoor geskakel word vir 'n ondersoek (tel. 018-633 1001).
- 'n Dispuutgeval kan onder geen omstandighede ondersoek word indien die vrag waaroor die dispuut handel, intussen die siloperseel verlaat het nie.

DIREKTE LEWERINGS VIR KOPERS

Graan kan direk op 'n koper (insluitend NWK) se naam gelewer word. Om te verhoed dat lewerings vertraag word, moet produsente die kopers van hulle graan versoek om betyds reëlings met NWK te tref. Graan wat eers op die leweringsrekening gelewer is kan slegs met 'n silosertifikaat na ‘n ander koper as NWK oorgedra word.

WERKSURE

Silo’s is normaalweg vanaf Maandag tot Donderdag vanaf 07:00 tot 13:00 en 14:00 tot 16:15 en Vrydae vanaf 07:00 tot 13:00 en 14:00 tot 16:00 oop. Gedurende die ontvangsseisoen is die silo’s, na gelang van die behoefte, vir 'n maksimum tydperk van twaalf weke, vanaf Maandag tot Vrydag vanaf 07:00 tot 17:30 en Saterdae vanaf 7:00 tot 12:00 oop. By die kleiner silo’s, waar daar net een gradeerder is, sal die silo gedurende middagete gesluit wees. **Indien produsente die behoefte het om ander ure as hier gemeld graan te lewer, moet dit met die betrokke silobestuurder opgeneem word sodat 'n praktiese reëling getref kan word**.

SILOSERTIFIKATE

Die uitreiking van silosertifikate is onderhewig aan 'n wagtyd van twee werksdae vanaf datum van aansoek. Aansoeke kan telefonies geskied en moet by die Departement Krediet op Hoofkantoor gedoen word by die betrokke afdeling waar die klant se rekening gehou word. Die sertifikaat word, nadat die uitreiking daarvan deur die Departement Krediet goedgekeur is, by die Departement: Graandienste uitgereik. Navrae kan by Aloma Oosthuizen of Mias Pretorius op Hoofkantoor gedoen word (tel: 018 633 1431).

Bogenoemde innamereëlings is NWK se standaardreëlings soos wat dit jaarliks van toepassing is. NWK is egter bereid om volgens markbehoeftes aan te pas om sodoende te verseker dat ‘n beter diens aan klante gelewer word.

Indien daar klante is wat addisionele behoeftes of voorstelle het wat NWK se diens kan verbeter, moet hulle nie huiwer om dit met die Departement Graandienste op te neem nie. Skakel gerus enige van die personeel by die Hoofkantoor (tel: 018 633 1001) in hierdie verband.